

**Ons Storiewa 2019. Publikasie van GGSA Vaal  
Samesteller: Kobie Ströh : kobiestroh@yahoo.com**

---

**VEREENIGING:**

**DEEL 1**



**Kort stappie deur die geskiedenis van Vereeniging en 'n paar historiese plekke**

**Lank-lank Gelede:**

**Ystydperk:**

Ogeveer 300 milj gelede was daar 'n tydperk wat hierdie area met ys bedek was. Daar is duidelike tekens gevind in die Vereeniginggebied van gletserskrape (280 – 300 miljoen jare oud) bv in Drie-Riviere Oos. Dit is ook bekend dat daar in hierdie area oermense gewoon het wat redelik intelligent was en wat self kon oorleef het.




Foto: Vereeniging Technorama

**Pleistoseentydperk**

Volgens geologiese waarnemings blyk dit dat Vereeniginggebied 'n vlak meer was wat gevoed is deur die Vaalrivier. Lae klei (swart organiese klei en geelklei) is op die bodem van die meer neergelê gevvolg deur gruisafsettings en sanderige klei.

Gedurende hierdie tydperk (ongeveer 200miljoen jaar gelede) het oerplante welig in hierdie waterryke omgewing gegroeи. Hier is plante oor etlike miljoene jare deur afsettings omvorm en karbonisasie in steenkool.

Argeologiese en geologiese navorsing duï daarop dat die bedding van die Vaarrivier sedert die Laer Pleistoseentydperk met ongeveer 30 m gedaal het en suidwaarts verskuif het wat geleï het tot die vorming van 'n vlak meer in Vereeniginggebied. In 'n kort periode hierna is verskeie lae van klei, slik, spoeklippe en sanderige klei neergelê soos wat ons vandag in hierdie area vind.

Plantoorblyfsels (fossiele) is in besonder goeie toestand op verskeie plekke in Vereenigingarea aangetref en sommige fossiele se blare kon in detail bestudeer word. In die ryk fossiellae wat op verskillende plekke in die area uitgegrawe is, kon sommige plante uitgeken word as verwant aan huidige plante, ander weer het heeltemal uitgestorfer. Heelwat seldsame en rare fossiele van uitgestorwe plante is hier gevind, veral in die omgewing van die Vaalrivier, en( 1946, 1955) in kleigroewe van Vereeniging Refractories, in omgewing van Voortrekkerstraat, en aan die Kliprivier naby USKO se ontspanningsklub – (deur Leslie ontdek).

Pragtige voorbeeld van fossiele word in Vereeniging Technorama se versameling bewaar:



Plant fossils from the Vereeniging region, approximately 300 - 245 million years old.

1. *Lerouxia transvaalensis*, seed of the *Glossopteris* plant. PERMIAN INCERTAE SEDIS. (two examples)

2. Megaspores and stems of *Lycopodiopsis*. PERMIAN LYCOPHYTA

3, 4, 5, 6, 7, 8. Leaves of PERMIAN GLOSSOPTERIDALES



1. Die algemene gelykheid van die Vereenigingterrein wat nogal probleme met dreinering en oorstromings veroorsaak
2. Die hoë klei-inhoud van die grond wat oprigting en instandhouding van geboue bemoeilik en groot dele ongeskik vir bouwerk laat. Die potklei en turf van die panagtige gebied waarop die ou deel van Vereeniging gevestig is laat geboue bars. Dit verhoog die kostes om geboue op te rig en in stand te hou
3. Moerasgebiede (soos in Bedworthpark) of panne soos die Leeukuidam wat ongeveer 95 hektar beslaan en altyd waterhoudend is. Groot gedeeltes in die omgewing is ongeskik vir bebouing afg die hoë klei-inhoud van die grond en die moerasgebiede
4. Die steenkool (gevorm uit oerplante wat welig hier om die moerasse gegroeи het)
5. Die klei in hierdie area is ook te danke aan die vlak meer en afsettings, veral die vuurvaste klei waarmee vuurkleistene vir die yster- en staalnywerhede vervaardig word en die plastiese klei vir keramieknywerhede

## **Versteende woud**

1905 het dr T N Leslie (wat 'n pioniersrol gespeel het in die ontwikkeling van die dorp Vereeniging) 'n keerwal in die Vaalrivier gebou om water op te dam vir besproeiing vir die aanplant van plantasies en vir boerdery doeleinades. Terwyl hy te perd die nuwe keerwal inspekteer, ontdek hy 'n versteende woud in die blootgestelde rivierbedding net onder die keerwal. Die opgedamde rivier se bedding nou mooi blootgelê. Hy besef die belangrikheid van hierdie ontdekking wat wys hoe die proses van steenkoolvorming miljoene jare gelede hier onderbreek is en nooit voltooi is nie. Hy neem fotos hiervan en telegraveer dadelik die staatsgeoloog Dr E T Mellor. Dr Mellor vertrek onmiddelik vanaf Pretoria na Vereeniging alhoewel hy baie siek is was. Hulle gaan besigtig dadelik die terrein en onderneem om die volgende dag terug te keer vir 'n deeglike ondersoek. Ongelukkig bars daar gedurende die nag 'n vreeslike storm los en die rivier is in vloed. Die volgende dag is die versteende woud onder water en is nog nooit weer gesien nie. Gelukkig is daar 'n foto as bewys.



The first hominid (humanlike creature) evolved over 2 million years ago in Southern Africa and is called *Homo habilis* (man with ability). *Homo habilis* is connected with the manufacturing of the first stone tools 2,4 million years ago. This period is known as the Early Stone Age and ended 150 000 years ago. Pebbles were collected from riverbeds for manufacturing tools and weapons.

T N Leslie, the first Mayor of Vereeniging (1904), discovered deposits of tools and weapons from the Early Stone Age along the Klip River in the 1920s. The most common tool found was the hand axe and the discovery of this particular artefact was significant as it illustrates the development of the axe through this period.

Traces of the Middle Stone Age were discovered by the archaeologist C van Riet Lowe (1894-1956) in the Duncanville and Three Rivers vicinity.

The implements found proved that early humans began improving and changing the technique in which they manufactured the tools. The finishing became finer and tools became smaller and more specialised. Many of the tools discovered in the Vereeniging region were made from quartzite, a hard and durable type of rock. Some of these implements can be linked to tools found at the "Cradle of Humankind" at the Sterkfontein Caves.

Evidence of the Late Stone Age was discovered near Taaiboschspruit outside Vereeniging. This period began approximately 20 000 years ago and lasted until the 19th Century. The San (Bushman) people are linked to this period. Tools are smaller and were often mounted in wooden handles and shafts.

Stone Age communities lived in the open veld and in rock shelters and moved around with the seasons, depending on the availability of fruits and roots and places where wild animals gathered. Apart from using stone for manufacturing tools and weapons, they also used wood and bone and knew how to make and control fire for protection, warmth and cooking.

## Primitiewe mense: Steentydperk

Vereeniging gebied se topografie, 'n gelyk area met 'n reeks lae heuwels (die Langerand) aan die noordekant en die Vaalrivier met sy twee takriviere die Kliprivier ('n klein standhoudende stroom) en Suikerboschrandrivier, het die vestiging van mense vanaf die vroegste tye hier moontlik gemaak. Die natuurlike omgewing het in die lewensbehoeftes van die primitiewe mense voorsien, waarskynlik reeds in die Ystydperk (ongeveer 300 milj jaar gelede). Hierdie oermense was intelligent en kon vir bykans twee miljoen jaar oorleef. Primitiewe mense in die Steentydperk het hulle hier gevestig. Verskeie van hulle klipwerktuie is hier in die omgewing gevind as bewys.

Die ontdekingswerk van T N Leslie het hierdie wonderlike fondse begin blootlê sedert 1892 toe hy 'n groot aantal werktuie gevind het op die wal van die Vaalrivier. Stamp-, kap-, sny- en graafgereedskapstukke (sommige as wapens gebruik) is hier gevind. Verskeie werksplekke van oermense is in Vereeniging omgewing blootgelê. Handpikke wat oor tyd ontwikkel het van 'n heel primitiewe werktuig tot 'n hoogs beskaafde werktuig se verskillende stadiumse van ontwikkeling is hier gevind.

Die opspraakwekkendste ontdekking is gedurende die twintigerjare langs die Kliprivier gemaak toe C van Riet Lowe een van die belangrikste argeologiese vindplekke van die Steentydperk hier gevind het.

Twee argeologiese gebiede is hier in Vereeniging geproklameer as historiese monumente nl.

1. Die Duncanville Argeologiese terrein (1944) of te wel die Van Riet Lowe reservaat wat beduidende bewyse het van pre-historiese menslike aktiwiteite en
2. Die Kliprivier Quarry/ Kleigroewe (1943) waar bewyse gevind is dat mense in Steentydperk hier geleef het toe die bedding van die Vaalrivier ongeveer 30 meter hoër was as huidig.

Tragies dat die terreine vergete en verwaardloos is en mense leef nou hier bo-op, salig onbewus van die belangrikheid van die terrein. Gelukkig is versamelings van die klipwerktuie in museums in London, Parys(Frankryk) en by die Wits Universiteit in SA veilig bewaar. Enkele voorbeelde is ook in Vaal Technorama.



Fotos van hoe dit huidig(2019) lyk by die Van Riet Lowe Terrein. Borde van gedenksteen is verwyder, niemand weet meer waarvoor dit daar opgerig is nie en bouwerk vind daar op die terrein plaas.

## Boesmantekeninge ??

Die primtiewe mens se tegnieke in die vervaardiging van werktuie het oor die jare geweldig verbeter. Hulle het ook bedrewe jagters geword en oorblyfsels van diere word aangetref saam met hulle werktuie. Langs Taaiboschspruit is pylpunte van klip, maalklippe, versiersels van

volsruisdoppe en krale o.a. gevind.




Tussen 200 en 600 jaar gelede het iemand honderde tekeninge op 'n paar

sandsteenrotse op 'n heuweltjie naby Redan gemaak. 244 tekeninge van diere en vreemde geometriese patronen is gevind op die sandsteen. Geen twee van die tekeninge is identies nie. Die diere wat geteken is, is waarskynlik 'n tekening van 'n leeu, eland, blesbok en rooihartbees. Een is moontlik die voorstelling van 'n mens. Van die tekeninge is 233 geometriese vorms, 172 daarvan bevat 'n sirkel.

Die groot vraag is wat het die kunstenaar met die tekeninge probeer sê. Dit lyk asof 'n paar tekeninge die son voorstel wat die vermoede laat ontstaan dat die kunstenaar dalk 'n gedeeltelike sonsverduistering waargeneem het.

Hierdie tekeninge was reeds baie verweer agv natuurelemente.. Gelukkig is die Redanrotsgravure gedurende die sestigerjare deur deskundiges op die gebied van Boesmantekeninge skaal gekopieer ter wille van

bewaring. Ongelukkig is hierdie tekeninge vinnig besig om te verdwyn weens besoedeling en klimaatsomstandighede en klimaatsveranderinge.



Dit is 'n groot raaisel wie die kunstenaars was. Hierdie rotstekeninge is ouer as 'n eeu of twee en derhalwe word daar aanvaar dat dit deur

die nomadiiese Boesmans gemaak is.

## Latere inwoners : Yster tydperk

In hierdie area het ook mense gewoon wat bekend was met die ontginning en gebruik van metaal. Verskeidenheid metaalwerktuie van yster en koper is hier gevind tussen voorwerpe van hout, been en klei. Potte en unieke skelepels is in Vereenigingarea gevind en potskerwe. Van hierdie inwoners het min oorgebly, slegs ashope en klipkrale en klippouterreine, sonder aanduiding van wie dit was. Hulle het nie gebruik gemaak van klipwerktuie nie. Groot migrasies van mense het in hierdie tydperk voortgekom, waarskynlik agter wild aan beweeg. Nomadiiese leefwyse, droogtes, hongersnood, aanwas van getalle en rusies tussen groepe, oorlogsugtige stamme en magstryd het het ook bygedra tot rondbeweeg van stamme. Oorblyfsels van mense is ook in dolomietgrotte gevind naby die Barrage wat vermoede laat dat swart mense in hierdie omgewing gewoon het.



Vereeniging Technorama

Hoewel daar aanduidigs is dat daar wel Tswanas / Sothos (Kwena en Hurutse) in Vereeniging se omgewing gewoon het, was hierdie area 'n verlate wildernis toe die Voortrekkers hulle hier gevestig het. Hulle was nie hier toe die eerste blankes in hierdie omgewing aangekom het nie. Hulle het reeds weggetrek. Verskeie faktore het geleid tot die ontvolking van die area waarvan die stryd tussen die verskillende volksgroepe die grootste oorsaak was. Die beleid van totale uitwissing is gevolg waar die sterkeres stam al die ander swart stamme uitgemoor het en krale vernietig het. Geen lewend wese is in hierdie magstryd onaangeraak gelaat nie. Hierdie tydperk van moord en verwoesting is bekend as die Mefecanetydperk (reeds vanaf 1820). Stamme het mekaar uitgewis en groot menseslagtings het plaasgevind. Vlugtende stamme het noordwaarts binneland ingetrek. Teen 1827 was die dele van die land ontvolk. Dit was juis die rede waarom die

Voortrekkers dit veilig geag het om hulle laers hier op te slaan. Met die koms van die blankes in 1836 het die swartes teruggekeer en permanent in hierdie area kom vestig.

## **Trekboere**

Van vroegs af bevind Trekboere hulle reeds in hierdie omgewing. Die terrein, die water en die grasvelde wat genoegsame weiding aan diere van trekboere en transportryers voorsien het het hierdie 'n gesogte uitspanplek en vestigingsplek gemaak. In die area was volop wild soos elande, widebees, blesbok, springbok en groot troppe leeuw het in hierdie area gejag. ( Leeuhof bv. was die , broeiplek van die leeuw). Die eerste blankes was reeds in 1823 in die area. Hierdie Trekboere is 'n paar jaar later gevolg deur die Groot Trek. (1835-1838). Die trekgeselskappe het vir sekere tydperke laer hier opgeslaan om diere kans te gee om te rus, voorrade aan te vul ens. Dan het hulle weer verder getrek, soms het van hulle agtergebly terwyl die res verder getrek het. Hulle het in tente en in waens gewoon. Permanente vestiging in Vereeniging omgewing het eers na 1848 plaasgevind. Saaiplase wat per perd uitgemeet is (een uur se perdry is beskou as 6 myl) is toegeken, gewoonlik naby die riviere , o.a die plaas Leeuwkuil wat in 1865 uitgemeet is en aan Johan Adriaan Venter toegeken is as leningsplaas 1882. Hierdie plaas is 1897 aan Vereeniging Estates oorgedra en dit is veral op hierdie plaas waarop die dorp Vereeniging later gevestig is. Landbou was die vernaamste aktiwiteit in hierdie area. Saaiboere sowel as veeboere het hierdie area sedert 1848 permanent bewoon en bewerk.

**Die ontdekking van steenkool** het egter hierdie landbougemeenskap se lewe heeltemal verander.

## **Wildebeest:**

Met die koms van die blankes was daar nie swartes in die omgewing nie. Volgens Dr T N Leslie (sy dagboek) was daar in 1891 met sy koms na Vereeniging area toe slegs een swart man wat hier gewoon het nl. Wildebeest.

Widebeest se ma het met haar baba seuntjie weggekruip het in 'n grot in omgewing Kliprivier om die wrede Silkaats se vegters te ontdui. Die ma is dood en die seuntjie het alleen agtergebly en op een of ander manier oorleef, volgens legende het die wide diere hom versorg. Toe die Trekboere hierdie gebied begin bewoon het, het een van hulle die seuntjie aangeneem en hom grootgemaak. As jong man het hy een van Paul Kruger se wapendraers geword. Later jare het hy kom woon op die wal van die Kliprivier. Teen 1891 was hy al 'n ou bejaarde man. Hy kan met tereg beskryf word as die eerste permanente swart inwoner van Vereeniging.

Gedenksteen ter herinnering aan die Groot Trek 1838 , opgerig deur Die Voortrekkers van Vereeniging 1938. Voortrekkerstraat Vereeniging.



## Ontstaan van die dorpie Vereeniging 1878

**1878** ontdek die geoloog George William Stow steenkool by die samevloeiing van die Vaalrivier en Taaiboschspruit. Senator Samuel Marks (Sammy Marks), die miljoenär diamant magnaat van Kimberley sien dadeik die groot waarde hiervan in. Die aanvraag na brandhout in Kimberley het so geweldig toegeneem dat die veld meer as 50 myl rondom die diamantmyne gestroop was van alle brandhout en steenkool kan groot verligting bring.

Hulle 2 stig 'n maatskappy De Zuid Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Vereeniging (1880) en koop die plase Leeuwkuil, Kipplaatdrift , Rietfontein en Maccauvlei en begin steenkool ontgin. Die eerste steenkoolmyn Central Mine lei tot die instroming van mynwerkers en ook groot getalle transportryers wat steenkool na Kimberley vervoer het en 'n informele nedersetting ontstaan op die plaas Leeuwkuil en Klipplaatdrift. Elke dag het tot 200 waens uitgespan naby die Bedworthmyn om kole te laai en die osse te laat rus en eet.

## Die Monument opgerig ter ere aan Stow ( Stadskouburg

### Vereeniging, Joubertstraat)



Vedofte woorde op monument. (Plate met bewoording vermis)

George William Stow  
1822 – 1882 Beroemde  
Pionier Geoloog en  
Etnoloog.

Ontdekker van  
Vereeniging  
Steenkoolvelde.

Opgerig deur Geologiese Vereniging van Suid Afrika en  
Vereeniging Estates Ltd



## Die dorp Vereeniging

Teen 1882 was daar reeds soveel mense en ontwikkeling in hierdie area dat die Volksraad toestemming gegee het dat 'n dorp uitgelê kan word op die plase Leeuwkuil en Klipplaatsdrift.

Daar is op die dorp se naam besluit as Vereeniging, die laaste deel van die mynmaatskappy se lang naam. Teen 1884 het hulle maatskappy sowat 720 ton steenkool per jaar met ossewaens na die die diamantveld vervoer ( een wa kon ongeveer 4 ton steenkool vervoer).

Die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde het verhoogde steenkoolvraag laat ontstaan wat verder bygedra het tot die groei van Vereeniging.

Die dorp is uitgelê volgens 'n roosterpatroon met breë strate van noord na suid en lane van wes na oos. Strate is vernoem na prominente mense, Engelse sowel as Afrikaners. Die dorp is geleë op die bedding van 'n ou meer wat gestrek het van Houtkop tot by Vijoensdrifstasie wat gevoed was deur die Vaalrivier wat op 'n baie laer vlak geloop het. As gevolg daarvan is Vereeniging baie plat en gelyk, dreinering is 'n probleem, oorstromings 'n gevaaar. Die verhoging van die Vaaldam se wal het hierdie vloedgevaar laat afneem.

## **Natuurlike Plantegroei**

Die natuurlik plantegroei van Vereeniging was suiwer grasveld. Grasse wat aangepas het by die klimaatsomstandighede van somerreënval met warm somers en koue winters met swaar ryf.

### **Brandmuller Bosboustasie**

1893 stel Sammy Marks 'n Duitse tuinboukundige, Otto Brandmuller aan om bome in Maccauvlei area aan te plant, 'n area met slegs sand en droë grasperde en slegs so paar akkerbome(6/7 bome) wat deur die oorspronklike eienaar van die plaas, die Voortrekker Carel Pistorius, geplant is. Boompies wat hy in 1850 vanaf Pietermaritzburg af gebring het.

Brandmuller het die reuse taak so suksesvol uitgevoer het dat dit vandag een van die mooiste rivieroerde in die land is. In een jaar alleen het hy 100 000 bome aangeplant, aanvanklik vanaf akkers van Pistorius se 6 akkerbome , later saai hy 4 ton ingevoerde dennesaad. Die dennehout is later gebruik as mynstutte. 'n Appelboord van duisende appelbome floreer so dat dit as die "Appelgordel" bekend raak. Brandmuller plant sowat 6 miljoen bome in sy tydperk aan op die walle van die riviere en Vereeniging omgewing.



Vandag is Vereeniging 'n boomryke area. Baie moeilik om jouself in te dink dat daar 'n tyd was dat hier bykans geen bome was nie.

Vereeniging 1900: Plat, moerasagtig, geen bome.



Boomryke area by Maccauvlei (Foto: 2019)



Bronne:

Die Geskiedenis van Vereeniging, PJJ Prinsloo

The Historical Monuments of South Africa, JJ Oberholster

Vereeniging SA, RL Leigh : Vereeniging History

Vereeniging Technorama

